
Maart - April 2010

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 9, No. 2 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2009 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Die Probleem van Bybelongeletterdheid

Die Bybel beskryf 'n tyd van massiewe misleiding wat vir ons *voor die deur lê*. Wêreldtoestande en spesifieke profesieë dui daarop dat ons nou werklik in die Bybelvoorspelde “laaste dae” is – die laaste paar jaar van *hierdie* wêreld se beskawing. Die apostel Paulus was geïnspireer om ons tyd as volg te beskryf: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af” (2 Timotheüs 3:1-5).

Die meeste mense “keer ... [hulle *nie*] af” van kerke en godsdienstige leiers wat die outoriteit van God misken nie. Veel eerder verkeer die meeste mense in hulle “gemaksone”. Hulle het hul naasbestaandes, familie en vriende – en die “kerke in hulle buurt”. Hulle sal dit nie verlaat tensy hulle werklik *geskud* word nie. Hierdie mense dryf maar saam met watter vorm van godsdiens ook al aangebied word in die gerieflike omgewing van “hulle” kerk. Hulle word baie maklik mislei omdat hulle **nie** werklik *die Bybel* met 'n oop gemoed *bestudeer* en die moeite doen om regtig die godsdienstige idees wat deur hulle kerk of kerkverband verkondig word, te “bewys” of om dit te *weerlê* nie.

“Wat is *verkeerd* daarmee?” mag u vra.

**Alles!**

U Bybel openbaar egter duidelik 'n baie *werklike* Satan “die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind” (1 Petrus 5:8).

Die apostel Johannes beskryf ook Satan as “die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die hele wêreld verlei*” (Openbaring 12:9). Johannes beskryf ook 'n toekomstige polities-militêre sindikaat genaamd die “Dier”, wat die *hele wêreld* gaan oorheers gedurende hierdie einste tyd van die einde – “**al** die bewoners van die aarde sal hom aanbid” (Openbaring 13:8). 'n Paar verse voor dit, verduidelik Johannes hoe die wêreld “die draak [*Satan!*] aanbid wat die dier mag gegee het” (vers 4). Dan beskryf Johannes 'n “ander” dier wat soos die “draak” praat en veroorsaak dat die wêreld die eerste dier aanbid. Hierdie tweede dier – 'n magtige godsdienstige leier wat binnekort gaan kom – “Hy doen ook *groot tekens*, sodat hy selfs **vuur** uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy *verlei* die bewoners van die aarde

deur die tekens" (Openbaring 13:13-14).

Sal *u* tussen diegene wees wat mislei word deur die valse profeet wat binnekort sal verskyn?

Ongelukkig mag die antwoord 'n dawerende "**ja**" wees vir baie van u! Dit is mos so maklik om maar net "saam te dryf" en toe te laat dat uself deel word van hierdie wêreld, ongeag waarheen dit gaan. Dit is menslike natuur. A**lmal van ons het dit**! Ons moet dit **almal** beveg en oorkom! Selfs toe Jesus Christus op die aarde was, was die einste mense wat veronderstel was om die Bybel die meeste te bestudeer, dikwels **mislei**. Die apostel Johannes vertel ons: "Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God" (Johannes 12:42-43).

Dit is baie maklik vir predikers om daarop aanspraak te maak: "Die Bybel sê" dit of dat – en stellings te maak wat dikwels *heeltemal teenstrydig* is met wat die Bybel werklik sê! Hoe kom hulle daarmee weg? Die gerespekteerde godsdienstige skrywer, Stephen Prothero, Voorsitter van die Departement van Godsdiens aan die Universiteit van Boston, herinner ons: "Meningsopnames wat meer wetenskaplik is, het bevind dat slegs een uit elke drie burgers

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Die Probleem van Bybelongeletterdheid**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**God se Koninkryk is 'n Werklike Regering** 3
Baie mense dink aan die Koninkryk van God as iets abstrak, maar u Bybel openbaar dat dit 'n werklike wêreld-regerende regering is wat deur Jesus Christus gelei sal word, en waarin vandag se Christene 'n wonderlike rol sal speel!

**Sal die dooies weer lewe?** 8
Die meeste van ons het al die verlies aan 'n geliefde, 'n vriend of buurman deur die dood ondervind. Dood stem ons ernstig. Wanneer iemand na aan ons sterf, neem ons die tyd – of behoort ons die tyd af te staan – om die dieper vrae van die lewe te oorweeg. Wat gebeur nadat 'n persoon gesterf het? Sal ons ooit ons geliefde weer sien?

**Pouslike Voorrang** 13
Regeer die Pous in Rome in direkte apostoliese opvolging van die apostel Petrus? Die bewys mag u verras!

**Die teken van Jona** 18
Presies wat is die "teken van Jona"? Wat het dit met u en u toekoms te doen?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# God se Koninkryk is 'n Werklike Regering

Deur Roderick C. Meredith

***Baie mense dink aan die Koninkryk van God as iets abstrak, maar u Bybel openbaar dat dit 'n werklike wêreld-regerende regering sal wees wat deur Jesus Christus gelei sal word, en waarin vandag se Christene 'n wonderlike rol sal speel!***

Miljoene belydende Christene is vertel dat hulle "op sal vaar na die hemel" met ***niks*** om te doen nie, behalwe om vir alle ewigheid na God se gesig te staar.

Wat sê die Bybel?

Dit is noodsaaklik om te besef dat die Bybel die ***enigste*** onfeilbare gids is van wat werklik in die toekoms gaan gebeur. Verskeie menslike profete en voorspellers het allerhande soorte idees en raaiskote – die meeste van hulle is ***verkeerd***. Die geïnspireerde openbaring van God sê aan ons – dikwels tot in besonderhede – wat gaan gebeur. Die Heilige Bybel openbaar nie slegs net die toekoms nie, maar ook die groot ***doel*** wat hier op aarde uitgewerk word.

Die apostel Petrus was geïnspireer om aan ons te sê: "En ons het die profetiese ***woord wat baie vas is***, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte" (2 Petrus 1:19).

Hy herinner ons verder "want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:21). Dus het God, deur die Heilige Gees, direk die profesieë in die Bybel geïnspireer.

Die Skrif maak dit baie duidelik dat Jesus Christus – wat nou aan die regterhand van God sit – weer sal kom om oor die mense op aarde as Koning van die konings, te ***heers***: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!" (Openbaring 11:15). Ons word gesê om na te dink en te mediteer oor wat God besig is om te doen: "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word" (Kolossense 3:1-4). Soos hierdie verse dit stel, wil u saam met Christus in ***heerlikheid*** verskyn met Sy wederkoms? Indien wel, behoort u en ek te ***glo*** wat God aan ons in Sy geïnspireerde woord sê. Ons behoort gewillig te wees om te ***doen*** wat God ons beveel om te doen. Indien ons egter voortgaan om die leuens en wanvoorstellings van hoofstroom Christelikheid te glo dat ons "hemel toe sal gaan" en indien ons handel volgens hul misleidende leringe oor die hele ***weg*** tot redding, dan sal ons eenvoudig net "nie daar wees" wanneer Christus sal kom om Sy regering op hierdie aarde te vestig nie!

**Stel u die WERKLIKHEID van Christus se Regering voor!**

God se geïnspireerde openbaring sê aan ons dat " … Hy Hom mag [sal] stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete" (Handelinge 3:20-21). Vers na vers in u Bybel bevestig dat God Sy regering, Sy wet en Sy lewensweg op hierdie ganse aarde gaan ***herstel.***

Ons lees: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees" (1 Thessalonicense 4:16-17). In

ons verbeelding kan ons ons die ***glorie*** van Christus se wederkoms as Koning van konings voorstel – die groot uitroep van die aartsengel se stem wat die aankoms van die soewereine Heerser van die Aarde aankondig, en die magtige geskal van die Laaste Basuin! Wanneer Christus weer kom, sê bogenoemde vers dat ons "altyd by die Here sal wees". Waar sal dit dus wees?

Die geïnspireerde "gebed van die heiliges" sê baie duidelik dat Christus die ware heiliges "konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10) – ***nie*** bo in die hemel nie! Openbaring 20:6 beskryf die beloning van God se ware heiliges om by Christus se heersende Koninkryk aan te sluit met die eerste opstanding: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

Terwyl Hy in die eerste persoon praat, sê Jesus Christus aan ons: "En aan hom wat ***oorwin*** en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27). Aan daardie werklike Christene wat hulself, asook die wêreld en Satan oorwin, sal ***ontsagwekkende*** verantwoordelikhede gegee word onder Jesus Christus, om oor die nasies te regeer en die miserabele probleme van hierdie wêreld se samelewing uit te stryk. Sal ons direk onder Jesus Christus regeer? Het die lewende Christus dalk alreeds 'n ***plan*** in gedagte – 'n hele regeringstruktuur wat Hy en die Vader in die Wêreld van Môre sal implementeer?

Die profeet Abraham word die "vader" van die getroue gelowiges genoem (Romeine 4:1, 11-12, 16). Hy, saam met Isak en Jakob, sal die hoogste ampte beklee – moontlik soortgelyk aan kabinetsministers of sleuteladviseurs – in Christus se toekomstige regering (Mattheüs 8:11). Ander uitstaande dienaars van God uit antieke tye sal ook senior poste beklee. In die "visioen" van die toekomstige Koninkryk van God (Mattheüs 17:1-9) word beide Moses en Elia getoon as sleutelfigure in die toekomstige Koninkryk.

God beskryf Koning Dawid van antieke Israel as "'n man na my hart wat *al* my welbehae sal ***doen***" (Handelinge 13:22). Wat sal Dawid doen in Christus se wêreldoorheersende regering? Baie Skrifgedeeltes gee die antwoord! Hosea sê aan ons, in 'n profesie vir die "laaste dae", dat: "... die kinders van Israel sal 'n lang tyd bly sit sonder koning en sonder vors en sonder slagoffer en sonder klippilare en sonder efod en huisgode. Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en die HERE hulle God soek en Dawid hulle koning, en met siddering aankom na die HERE en na sy goedheid in die laaste van die dae" (Hosea 3:4-5).

God sê ook aan ons dat nadat die tienstammige "Huis van Israel" ***en*** die Huis van Juda (die stamme van Juda en Benjamin) van hul toekomstige ballingskap teruggekeer het: "En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek" (Jeremia 30:8-9). Esegiël 34:23-24 en Esegiël 37:24-25 beskryf Dawid as die toekomstige koning oor die stamme van Israel – met die Jode en die Israeliete uiteindelik weer herenig as een nasie (verse 19-22). Daar sal ***nie meer*** enige "anti-Semitisme" wees nie, wanneer al die stamme van Israel uiteindelik besef dat hulle ware broers is!

Direk onder Koning Dawid, as heersers oor elke individuele stam of nasie van Israel, sal die Twaalf Apostels dien. Jesus Self het aan hulle belowe: "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Mattheüs 19:28).

**HEERSKAPPY aan ware heiliges gegee**

Wat sou ons moontlik doen, indien u en ek ons werklik aan God oorgee en Christus ons in Sy toekomstige regering gebruik? In die geïnspireerde "Gelykenis van die ponde" [minas, wat 'n geldeenheid was] (Lukas 19:11-19), is aan die getroue dienaars

van God ***heerskappy*** oor stede gegee in Christus se regering: "Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor ***tien*** stede" (vers 17).

"Maar" mag sommige liberale geleerdes opmerk, "dit was slegs 'n gelykenis. U dink tog sekerlik nie dat Christus gepraat het van toekomstige *werklike* heerskappy oor ***regte*** stede hier op aarde nie, of hoe?"

*Ja*! Ek praat sekerlik daarvan!

Selfs die apostel Paulus – wat ***nie*** in gelykenisse gepraat het nie – het dit duidelik gestel: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Korinthiërs 6:2-3).

*Sien u nou*? Vir bykans 2,000 jaar het verskeie geleerdes, monnike, biskoppe en teoloë desperaat probeer om die volgehoue leringe van die Skrif, dat daar 'n letterlike ***regering*** hier op aarde gevestig sal word onder die direkte leierskap van Christus en die herrese heiliges, "te verwater"! Nogtans het die vroeëre Christene dit almal verstaan en hierdie geïnspireerde waarheid geglo. Toe hy oor die oortuigings van die vroeëre Kerk geskryf het, het die befaamde historikus Edward Gibbon in hoofstuk 15 van sy monumentale werk, *The Decline and Fall of the Roman Empire*, geskryf:

"Die antieke en populêre leerstelling van die Millennium was nou verweef met die wederkoms van Christus. Net soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, is hulle voortbestaan in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat toegeskryf word aan die profeet Elia, vasgestel op ses duisend jaar. In ooreenstemming hiermee, word afgelei dat hierdie lang periode van arbeid en stryd, wat nou bykans verstreke is, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar; en dat Christus met die seëvierende groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik uit die dood opgewek is, op aarde sal regeer totdat die tyd aanbreek vir die laaste en algemene opstanding".

Terug in die boek Daniël, openbaar die Almagtige God wat sal gebeur teen die eindtyd: "Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees" (Daniël 7:27). Soos ons ook gesien het, stel Petrus dit dat God van Christus se toekomstige heerskappy op die aarde en die "tye van die wederoprigting van alle dinge" gepraat het by monde van ***al*** Sy heilige profete, sedert die wêreld begin het (Handelinge 3:21).

Ons het ook gesien dat Christus en die Vader 'n *spesifieke* ***regeringstruktuur*** beplan het, met bepaalde verantwoordelikhede omskryf vir Abraham, Moses, Dawid, die Apostels en ander ware heiliges van God. Ons, die "gewone" heiliges – *indien* ons toelaat dat Christus ons lewens regeer – sal ook verantwoordelike posisies gegee word om oor individuele stede te regeer of om moontlik spesifieke afdelings in Christus se regering te beklee – wat vanuit die nuwe wêreldhoofstad, Jerusalem sal regeer. Wat 'n ***opwindende*** lewe wag binnekort op ons in Christus se komende Koninkryk!

**Christus se Glorieryke Koninkryk**

God se woord gee aan ons 'n gedetailleerde beskrywing van Christus se wederkoms en die vroeë jare van Sy Koninkryk: "Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot* 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide" (Sagaria 14:1-4). Dan openbaar God: "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (vers 9). Dus, Christus en die heiliges sal op die aarde wees – ***nie*** bo in die hemel nie!

Direk ná Christus se wederkoms sal Hy al die nasies wat teen Jerusalem geveg het, straf (verse 12-13). Daarna sal “die ***rykdom*** van al die nasies rondom ... ingesamel word: goud en silwer en klere – 'n groot hoeveelheid” (vers 14). Dus, soos ons binnekort sal sien, sal God die fisiese volke van Israel en Juda met ontsaglike ***rykdom*** *seën*, wanneer hulle hul bekeer het en teruggebring is na die land van Israel, na hul nasionale slawerny.

*Wat dan*?

Die meeste hoofstroom Christene het ***niks*** gehoor van wat God hierna openbaar nie, omrede hulle nooit geleer was van die Sabbat en die godsdienstige feesdae wat God vir die ***hele*** mensdom ingestel het deur alle tye nie. Lees nou wat volgende gebeur na Christus se wederkoms: “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie – hulle sal geen reën kry nie” (verse 16-17).

Die wêreld se belydende Christene is geleer dat God se Sabbatte en Feesdae “Joods” is – en dus nie onderhou behoort te word nie. Die lewende Christus sal hierdie volke ***skud*** deur letterlik hul watervoorsiening af te sny en uiteindelik “plae” oor hul te stuur indien hulle hardkoppig weier om op te gaan “om die huttefees ***te vier***” (vers 18).

Egiptenare, Chinese, Amerikaners – ***almal*** sal leer om hierdie inspirerende Fees van God (en ***al*** God se Feeste!) wat die duisendjarige heerskappy van Christus en die gevolglike groot “herfsoes” van siele uitbeeld, te onderhou, wanneer God se waarheid die aarde deurtrek het. Die eerste keer toe God hierdie feeste aan antieke Israel gegee het, was die herfsfees die “fees van die insameling” genoem (Eksodus 23:16). Jesus en die Apostels het hierdie fees onderhou (Johannes 7:1-14), asook al God se ander feeste. Binnekort sal God dit van die hele wêreld vereis om hierdie feeste te ***onderhou,*** wat Sy groot ***plan*** uitbeeld. Skryf asseblief en vra vir ons baie insiggewende boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*, indien u graag meer wil leer oor hierdie uiters belangrike onderwerp.

Dit mag tans vir ons moeilik wees om ons die opwinding en ***vreugde*** van ontelbare duisende mense in te dink wat van oral oor die wêreld sal optrek na Jerusalem om God se Feeste te onderhou. Want, hulle sal weet Christus, die Koning, sal letterlik in persoon daar wees – nie slegs in die Gees nie. Hulle sal optrek om hulle te verheug in God se seëninge in die Wêreld van Môre en om die Koning van die konings te ***aanbid***!

As die outeurs van skoonheid en goeie musiek, het God Koning Dawid en Koning Salomo en andere gelei om luisterryke kore te organiseer om lofliedere aan God te sing tydens spesiale geleenthede (1 Kronieke 15:16; 2 Kronieke 5:13-14). Kan u uself die wonderlike musiek voorstel wat sal saamval met God se Feeste en aanbidding van die lewende Christus te Jerusalem? Kan u uself die luisterryke optogte van hoogwaardigheidsbekleërs voorstel, van manne en vroue uit alle groepe van die samelewing wat na die Heilige Stad sal stroom – ***ontroer*** deur die geleentheid om hul Skepper te sien en Hom direk te kan aanbid? Baie mense sal pragtige geskenke saamneem vir Christus, die Koning. Byna almal sal waardevolle dinge saamneem om daarmee die “Here van die Leërskare” te ***aanbid****,* waar Hy in persoon op Sy troon in Jerusalem sal sit!

“Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8) – dus sal daar ongetwyfeld baie geleenthede tydens Sy duisendjarige heerskappy wees, soos die een wat hierbo beskrywe is, wanneer daar hordes sangers en musikante sal wees wat in volmaakte eenheid sal sing, prys en God aanbid, soos geskrywe is, toe “is die huis, die huis van die HERE, vervul met 'n wolk. En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die ***heerlikheid*** van die HERE het die huis van God vervul” (2 Kronieke 5:13-14).

## Gehoorsaamheid bring SEëNINGE

Die profeet Jesaja sê aan ons: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top

van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jesaja 2:2-3).

God se groot geestelike ***wet*** – die Tien Gebooie – sal die grondslag wees van Christus se regering in die Wêreld van Môre. Deur die onderwysing en leiding van Christus en Sy opgewekte heiliges, sal die hele wêreld leer hoe om God lief te hê en Hom te aanbid en ***hoe*** om eerlikwaar hul naaste lief te hê en vir hulle om te gee. God se woord gee 'n beskrywing van daardie tyd: "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9).

Jesaja was geïnspireer om die toneel te beskryf wanneer duisende Israeliete teruggebring sal word uit slawerny en selfs baie van hulle kinders aan hulle terugbesorg sal word: "Slaan jou oë rondom op en kyk – hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra. Dan sal jy dit sien en straal van ***vreugde***, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, en die skatte van die nasies kom na jou toe aan" (Jesaja 60:4-5). Kyk nou na die fisiese ***seëninge*** wat uitgestort sal word op die herversamelde Israel en Juda: "Ja, op My wag die eilande, en die skepe van Tarsis kom vooraan, om jou seuns van ver te bring. Hul silwer en hul goud is by hulle, vir die Naam van die HERE jou God en vir die Heilige van Israel, omdat Hy jou heerlik gemaak het. En uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien; want in My toorn het Ek jou geslaan, maar in My welbehae het Ek My oor jou ontferm. En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, om na jou toe aan te bring die ***rykdom*** van die nasies en hulle konings in triomftog" (Jesaja 60:9-11).

Dit sal wees soos toe God aan Job "dubbeld" soveel teruggegee het as wat Hy van hom weggeneem het (Job 42:10). Waarlik, die bedorwe en arrogante volke van die sogenaamde "Verlore Tien Stamme" van Israel is vandag te vinde onder die Amerikaners en die volke van Britse afkoms en die vredeliewende nasies van noordwestelike Europa. Vra verseker ons ***gratis*** boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* aan en bestudeer dit, indien u nog nie hierdie basiese waarheid verstaan nie.

Tensy 'n ongehoorde nasionale ***berou tot bekering*** plaasvind, sal ons volke verootmoedig, getugtig en in nasionale ***slawerny*** weggevoer word! Dan, wanneer ons begin om ons "les te leer", sal God ons volke terugneem na die land van Israel en hulle ***seën*** op 'n werklik ontsaglike manier.

Daarna, soos ons gesien het, sal die Wet uitgaan van Jerusalem. Die hele wêreld sal God se ware ***weë*** leer ken – ***vrede*** en ***vreugde*** sal einde ten laaste die hele aarde oordek! Uiteindelik sal die "nuwe verbond" verstaan en uitgeleef word deur beide die "Huis van Israel" ***en*** die "Huis van Juda" (Jeremia 31:31). God sê immers: "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my ***wet*** in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (vers 33).

Wanneer Satan verban sal word aan die begin van Christus se heerskappy (Openbaring 20:1-3) en die nasies terugkeer na die grense wat God lank gelede vir hulle vasgestel het (Handelinge 17:26-27), sal die volke gou oor hul vyandigheid teenoor God en Sy geestelike ***wet*** kom. Daar sal dan uitgaande ***vrede*** oor die hele aarde wees. 'n "Innerlike vrede" – die "vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Filippense 4:7), sal dan op die meeste mense neerdaal op 'n wyse soos wat dit nog nooit ondervind was in die hele menslike geskiedenis nie.

God se weë is ***goed***. Die seëninge van Christus se komende glorieryke Koninkryk sal werklik ***skouspelagtig*** wees. Mag God die dag verhaas! WvM

# Sal die dooies weer lewe?

## Deur Richard F. Ames

Die meeste van ons het al die verlies aan 'n geliefde, 'n vriend of buurman deur die dood ondervind. Dood ontnugter ons. Wanneer iemand na aan ons sterf, neem ons die tyd – of *behoort* ons die tyd af te staan – om die dieper vrae van die lewe te oorweeg. Wat gebeur nadat 'n persoon gesterf het? Sal ons ooit ons geliefdes weer sien?

Die dood kom soms onverwags. Die Duitse versekeringsmaatskappy, Munich Re, berig dat in 2008, meer as 220,000 mense gesterf het in rampe soos orkane, aardbewings en oorstromings. Die sikloon Nargis in Myanmar is verantwoordelik vir 130,000 van daardie sterftes – die grootste dodetal van een enkele natuurramp, sedert die Sumatra aardbewing en tsunami wat die lewens van bykans 230,000 mense geëis het in Desember 2004. Toe die Geelrivier sy oewers oorstroom het van Julie tot November 1931, het meer as 'n miljoen Chinese verdrink, party mense beraam dat die totale dodetal as gevolg van die oorstromings, nader aan vier miljoen is. Werklik, ons leef in 'n gevaarlike wêreld waar onvoorsiene gevare ons onverhoeds kan oorval en ons planne vir ewig kan verander.

Party rampe is mensgemaak, soos die rampe van oorlog. Beramings van die dodetal as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog verskil, maar bronne stem saam dat heelwat meer as 50 miljoen mense gedurende daardie verskriklike konflik gesterf het – insluitende miljoene burgerlikes. In die 20ste eeu, wanneer ons staatsondersteunde volksmoorde, politieke suiwerings en oorlogsverwante sterftes saamvoeg, raak die syfer aan die 300 miljoen!

Dood is tragies wanneer dit voorkom, maar dit gebeur tog gereeld. Wêreldbevolking-navorsers berig dat in 2008, omtrent 8.2 uit elke duisend mense gesterf het – meer as 55 miljoen mans, vrouens en kinders! Baie het gesterf aan natuurlike oorsake, aan die einde van lang, produktiewe lewens, maar hul dood was nog steeds pynlik vir hul geliefdes.

Die meeste mense probeer hulself troos deur te glo in 'n soort lewe na die dood. Die Barna Navorsingsgroep het in 2003 'n dokument vrygestel waarin Amerikaners se idees oor 'n hiernamaals geboekstaaf is. Barna het bevind dat 81% in een of ander soort hiernamaals glo. Slegs 10% het gesê hulle is seker dat daar geen hiernamaals is nie, nog 9% het gesê dat daar 'n soort hiernamaals mag wees. Barna het bevind dat 76% van diegene wat aan die opname deelgeneem het, glo dat die Hemel bestaan, en 71% glo in die bestaan van die Hel.

Barna het ook bevind dat Oosterse godsdienstige begrippe meer populêr word in Amerika; 18% van diegene wat aan die opname deelgeneem het sê hulle glo in 'n soort reïnkarnasie, en 34% glo dat hulle met mense ná hulle dood kan kommunikeer ("Americans Describe Their Views About Life After Death", 21 Oktober 2003).

*Wat 'n verwarring! Ons behoort die Bybel te ondersoek vir die waarheid oor lewe en dood!*

**Dante se Hel**

Indien u is soos die meeste mense wat aan Barna se opname deelgeneem het, glo u in 'n ewigbrandende Hel waarin mense op hierdie oomblik gefolter word. Moontlik dink u dat sommige van u eie familielede nou, op hierdie oomblik, terwyl u hierdie artikel lees, ondraaglike lyding verduur.

Waar het u u sienswyse oor die Hel gekry? Heelwat mense mag verras wees om te leer dat baie van vandag se stereotipiese idees oor die Hel nie uit die Bybel kom nie, maar uit die geskrifte van 'n 14de eeuse Italiaanse digter. Dante Alighieri, outeur van *La Divina Commedia* (of, in Engels, *The Divine Comedy*), het sy lang gedig as 'n versinnebeelding geskryf om kommentaar te lewer oor die maatskaplike en politieke

probleme van sy nasie. Sy uitbeelding van die Hel beeld nege afdalende streke van steeds groterwordende ewige foltering vir sondaars uit. In een gedeelte van Dante se gedig, met die titel *Inferno*, vind ons dat wellustige sondaars die ligste straf in die eerste kring van die Hel ontvang; die laagste gebiede van die Hel word gereserveer vir diegene wat Dante beskou as die geskiedenis se mees afstootlike verraaiers – nie slegs Judas Iskariot nie, maar ook die Romeinse verraaiers Brutus en Cassius, wat betrokke was by die moord van Julius Ceasar.

Dit is jammer dat die meeste Bybelstudente net maar 'n idee oor die Hel, soortgelyk aan Dante se beskrywing, aanvaar terwyl hulle die duidelike betekenis van bekende Skrifture ignoreer. Moontlik het hulle van hul ouers oor die hel geleer, of van 'n predikant en nooit die egte waarheid in God se Woord vir hulself vasgestel nie.

Kyk: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23). Dante beeld sondaars uit wat die ewige lewe in die vlamme van die hel deurbring, maar u Bybel sê iets heel anders – dat sondaars die dood verdien – die *afwesigheid* van lewe!

Onthou wat Jesus gesê het in wat moontlik die heel bekendste vers in die Bybel is: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Johannes 3:16). Ons Redder het 'n kontras beskryf tussen lewe en dood. Aan die een kant, ***ewige lewe***, aan die ander kant, om ***te vergaan***. Om te "vergaan" beteken om vernietig te word, om "tot niks te kom nie". Jesus het gekom sodat ons nie vir ewig vernietig word nie. Hy het gekom om aan ons die moontlikheid van ewige lewe te *gee*, wat ons nie nou inherent het nie.

Verbaas dit u om te leer dat ons nie nou ewige lewe besit nie? Kan 'n menslike siel vernietig word? Ja, God sê dit kan! Lees wat ons Skepper sê deur die profeet Esegiël: "Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun – hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Esegiël 18:4).

Ja, u Bybel openbaar dat daar 'n poel van vuur is waarin *onboetvaardige* sondaars gegooi sal word – en vernietig sal word (Openbaring 20:14-15; 21:8). Wanneer hulle in die poel van vuur sterf, sal hulle die "tweede dood" ondervind (vers 8), waaruit daar geen opstanding is nie.

**Is God onregverdig?**

Sommige godsdienstige denkers, soos die Protestantse hervormer Johannes Calvyn, het verkondig dat God miljarde siele geskep het wat Hy geweet het bestem was om vir ewig in die Hel te ly. Ander sê dat God graag alle siele wil red, maar dat dit by Christene berus om die wêreld met Sy boodskap te bereik – en*, indien hulle sou faal*, sal die siele wat nooit eens die naam van Jesus Christus gehoor het nie, die ewigheid sal deurbring deur in die Hel gefolter te word.

Sal 'n liefdevolle God so wreed en onregverdig wees? Party teoloë sê aangesien hulle weet dat God regverdig is, sal selfs diegene wat nooit Christus se naam of boodskap gehoor het nie, gered kan word. Dit is egter ***nie*** wat die apostel Petrus verkondig het nie. Hy het die naam van Jesus Christus verkondig en gewaarsku: "... want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Handelinge 4:12).

Hoe kan ons Petrus se duidelike woorde versoen met die waarheid van 'n liefdevolle en regverdige God? Jesus het die inwoners van Gorasin, Betsaida en Kapérnaüm wat Sy boodskap verwerp het, berispe. Lees wat Hy aan die inwoners van Kapérnaüm gesê het: "En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom ***verdraagliker*** sal wees in die oordeelsdag as vir jou" (Mattheüs 11:23-24).

God het Sodom en Gomorra deur vuur vernietig (Genesis 19). Nogtans het Jesus Christus

gesê dat dit "verdraagliker" vir Sodom sal wees in die oordeelsdag as vir Kapérnaüm. Hoe kan dit wees? Christus het gesê dat as Sodom Sy werke gesien het, sou sy mense hul bekeer het en God sou daardie slegte en perverse stad gespaar het.

Wat sal dus tydens die oordeelsdag gebeur? Soos ons sal sien, beskryf die Skrif 'n groot opstanding tot oordeel, *ná* die Millennium. Lees hoe u Bybel die eerste groep mense wat opgewek sal word, beskryf, asook die kernwoorde aan die einde van daardie beskrywing: "En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en *ek het* die siele *gesien* van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En *die ander dode* het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding" (Openbaring 20:4-5).

Die eerste opstanding sal diegene insluit "wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God" (vers 4). Hierdie heiliges wat in die eerste opstanding sal wees, sal *onsterflik opgewek word* en sal saam met Jesus Christus vir 'n duisend jaar regeer (vers 4). Tog, gedurende hierdie tyd, sal "*die ander dode* ... nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie" (vers 5). Duidelik sal die dooie mense van Sodom nie in die eerste opstanding wees nie.

Laat ons verstaan. Indien daar 'n *eerste* opstanding is, moet daar mos 'n *tweede* opstanding ook wees! In die tweede opstanding sal die mense van Sodom opgewek word tot *fisiese lewe*, wat sal plaasvind nadat die duisend jaar voleindig is – na 'n duisend jaar van Jesus Christus se duisendjarige regering op die planeet Aarde. Waarom sal hulle opgewek word tot fisiese lewe? Om geoordeel te word, soos ons sal sien.

Is dit vir u 'n verrassing? Baie mense het deesdae vergeet dat God se Kerk, vanaf die heel begin, die werklikheid van Jesus Christus se toekomstige duisendjarige regering op aarde verkondig het (om meer te leer oor hierdie wonderlike tyd, lees asseblief "God se Koninkryk is 'n WERKLIKE Regering" elders in hierdie uitgawe). Die bekende historikus, Edward Gibbon het die volgende geskryf in sy beroemde boek, *The Decline and Fall of the Roman Empire*: "Die antieke en populêre leerstelling van die Millennium was nou verweef met die wederkoms van Jesus Christus. Net soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, is hul voortbestaan in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat toegeskryf word aan die profeet Elia, vasgestel op ses duisend jaar. In ooreenstemming hiermee, word afgelei dat hierdie lang periode van arbeid en stryd, wat nou bykans verstreke is, opgevolg sal word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar; en dat Christus en die seëvierende groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wat wonderbaarlik uit die dood opgewek is, op aarde sal regeer totdat die tyd aanbreek vir die laaste en algemene opstanding" (Hoofst. 15, seksie 2).

Ja, soos Gibbon dit uitwys, het die eerste eeu se Kerk – die Kerk van die Apostels – verstaan dat die heiliges saam met Christus sal heers vir die duisend jaar wat die "algemene opstanding" sal voorafgaan.

Wat sal tydens hierdie "algemene opstanding" gebeur? Die "ander dode" (Openbaring 20:5) sal opgewek word tot *fisiese lewe*. U kan 'n beskrywing van daardie tyd lees in Esegiël 37. Wie is die "ander dode"? Hulle is die massas van die mensdom wat nooit werklik tot Christelikheid bekeer was nie. Hulle sluit die mense van Tirus, Sidon, Sodom en Gomorra in, húlle wat Christus gesê het, guns en verdraagsaamheid sal ontvang na hul bekering tydens hulle tyd van oordeel. Hulle sluit selfs die mense van Israel in vir wie God geestelik verblind het (Romeine 11:25).

**Verblind vir 'n rede?**

God wil hê dat ons belangrike lesse moet leer ter voorbereiding vir die ewige lewe in Sy gesin. God verblind dus soms mense geestelik sodat hulle blywende lesse kan leer.

Dan, wanneer hierdie mense uiteindelik geroep word tydens die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-13), sal hul gretig reageer op God se roeping en hulle bekeer. Onthou, die apostel Paulus het gesê dat God Israel ten dele verhard [verblind] het. Hy skryf: "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal *die hele Israel gered word*, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem" (Romeine 11:25-27).

***Wanneer*** sal die hele Israel gered word? Tydens die Groot Wit Troon Oordeel, 'n tyd wanneer al die geestelik verblinde mense wat gesterf het, se oë geopen sal word vir die woord van God. Indien God almal nou sou wou red, dink u werklik Hy sou dit nie kon doen nie? Natuurlik nie! God se plan, soos geopenbaar in u Bybel, behels dat diegene wat tans verblind is, ingesluit is in Sy plan – dus kan Hy *hulle later red*!

Die apostel Paulus toon aan dat God sommiges uit die heidene geroep het en sommiges uit Israel. Hy skryf verder dat die res egter geestelik verblind is: "Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en *die ander is verhard* [verblind]. Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om *nie te sien* nie en ore om *nie te hoor* nie, tot vandag toe" (Romeine 11:7-8).

Verbaas dit u? In Sý dag het Jesus nie almal tot bekering geroep nie. Onthou, teen die einde van Sy 3½ jaar lange bediening, het Hy slegs 120 dissipels gehad (Handelinge 1:15). Jesus het gesê: "Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie" (Mattheüs 13:13).

Wat sal gebeur tydens hierdie opstanding tot oordeel? Boeke – *biblia* in die oorspronklike Grieks – sal geopen word (Openbaring 20:12). Wat is daardie boeke? Die boeke van die Bybel! Vir die heel eerste keer in hulle bestaan, sal miljarde menslike wesens se oë geopen word en hulle sal hul geleentheid ontvang om gered te word!

Verstaan asseblief. Dit is nie 'n "tweede kans" nie. Dit is die tyd waarvan Jesus voorspel het, met betrekking tot die oordeel oor Sodom en Gomorra, Tirus en Sidon. Die apostel Johannes het geskryf: "En ek het 'n *groot wit troon* gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel [nie veroordeel nie] na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke" (Openbaring 20:11-12).

**Hoop vir miljarde mense!**

Ja, die dooies sal weer lewe! Miljarde mense wat geestelik deur God verblind is, se oë sal geopen word tydens die Groot Wit Troon Oordeel. Hierdie opgewekte mense sal God se weg geleer word, hoe om dit uit te leef, en nader aan hul Redder kom namate hulle voorberei om ewige, onsterflike kinders van God te word. Hierdie proses sal oor 'n leeftyd plaasvind (Jesaja 65:20), net soos lede van God se Kerk vandag – die "huis van God" – nou geoordeel word tydens ons leeftyd (1 Petrus 4:17). Sommige van u vriende en geliefdes mag deel wees van daardie toekomstige oordeel. Soos die apostel Paulus geskryf het, "so sal die hele Israel gered word" (Romeine 11:26). Waarlik, God beperk nie redding tot slegs 'n relatiewe paar mense nie; hy wil hê dat *alle* menslike wesens gered moet word (1 Timotheüs 2:4).

Die meeste menslike wesens het geleef en gesterf sonder om selfs die naam van Jesus Christus te hoor. Andere mag slegs 'n vals evangelie oor Jesus gehoor het. Hierdie mense sal hul geleentheid om gered te word tydens die Groot Wit Troon Oordeel ontvang. Om meer oor hierdie wonderlike tyd te leer, skryf asseblief om u gratis eksemplaar van ons insiggewende boekie, *Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING*? Dit sal u help om die

plan te verstaan wat 'n liefdevolle en regverdige God ingestel het om die oorgrote meerderheid menslike wesens te red, nadat hulle op Sy Waarheid reageer het.

Wat sal u egter doen wanneer Christus weer kom? Sal u in die eerste opstanding wees? Lees: "Dit is die ***eerste*** opstanding" (Openbaring 20:5). Indien God u roep, behoort u daarop te reageer. U behoort na God te soek met u hele hart, sodat u in die eerste opstanding kan wees met Christus se wederkoms. U kan oor daardie inspirerende tyd lees in die opstandingshoofstukke in u Bybel: 1 Korinthiërs 15 en 1 Thessalonicense 4. Getroue Christene sal opgewek word om saam met Christus hier op aarde te heers! Soos dit lees, "hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

Die opstanding wat sal plaasvind wanneer Jesus Christus terugkom, is 'n opstanding tot *onsterflike lewe*. God sal aan getroue Christene daardie tyd die ontsaglike gawe van ewige, onsterflike lewe skenk. Dit word die "beter opstanding" genoem (Hebreërs 11:35). Waarom? Die tweede opstanding sal fisiese lewe aan diegene verleen wat verblind was, maar die eerste opstanding is 'n opstanding tot onsterflikheid! Getroue Christene van hierdie huidige tydperk wat deel gaan hê aan daardie eerste opstanding, sal in die Koninkryk van God ingebore word as onsterflike, verheerlikte kinders van God. Ons sal die aarde beërwe en saam met Christus, op hierdie aarde, vir 'n duisend jaar lank as konings en priesters regeer (Openbaring 5:10). Tydens die Duisendjarige Vrederyk sal Satan gebonde wees, nie in staat om die mensdom te beïnvloed nie (Openbaring 20:2). Diegene wat vandag deur God geroep word, moet Satan se invloed oorkom – iets wat diegene in die Millennium nie nodig sal hê om te doen nie, totdat Satan heel aan die einde daarvan weer losgelaat sal word. Vandag se getroue Christene sal Jesus Christus bystaan om die wêreld na 'n tyd van vrede en voorspoed te lei, soos hulle nooit voorheen geken het nie, wanneer Satan se invloed verwyder sal wees en God se Gees beskikbaar sal wees vir elkeen. Anders as vandag, waar slegs 'n relatiewe paar mense geroep word, sal ***almal*** tydens die Millennium dit ken en in staat wees om volgens God se weg te lewe (Jesaja 11:9). Hierdie duisendjarige tydperk van vrede, voorspoed en geestelike oorvloed sal die aarde voorberei vir die Groot Wit Troon Oordeelstyd, waartydens die res van die mensdom geleer en geoordeel sal word.

Wat sal egter gebeur met daardie mense wat God se weg *verwerp* – hulle wat nie verblind sal wees nie en geestelik bewus en verantwoordbaar sal wees? Wat sal gebeur met diegene wat weier om hulle te bekeer van hul sondes en die offerande van Jesus Christus verwerp? God ***sal*** hulle straf. Hy sal egter nie toelaat dat menslike wesens vir ewig ly nie. Hy sal hulle ***vernietig*** in die poel van vuur (Openbaring 20:13-15). Hierdie uitwissing in die poel van vuur, die "derde opstanding", deel ewige straf uit aan die onboetvaardige bose mense. Die bose mense sal gefolter word wanneer hulle voor die poel van vuur staan. Dan sal al die bose mense in die vuurpoel gegooi word en heeltemal tot as verbrand. Hulle sal nie langer leef nie. Onthou: "Want die loon van die sonde is die *dood*, maar die genadegawe van God is die *ewige lewe* in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).

God het 'n ontsagwekkende plan vir die hele mensdom. Daar is hoop vir ons gestorwe geliefdes wat ons bevrees was vir altyd verlore sou wees. Miljarde mense wat gesterf het, sal weer leef en hul verstande sal geopen word vir God se plan van redding, iets wat hulle nooit voorheen verstaan het nie. Ons kan getroos wees in die wete dat ons gestorwe vriende en geliefdes nie onregverdig gestraf sal word deur 'n wispelturige God nie, maar dat hulle deel is van Sy manjifieke plan om hulle op Sy eie tyd te red, sodat hulle die ware evangelie kan hoor, hulself kan oorgee aan hul Redder, Jesus Christus, en vir alle ewigheid deel kan wees van Sy gesin. WvM

# Pouslike Voorrang

## Deur Douglas S. Winnail

**Regeer die Pous in Rome in direkte apostoliese opvolging van die apostel Petrus? Die bewys mag u *verras*!**

Die Rooms-Katolieke Kerk is die wêreld se grootste godsdienstige organisasie, bestaande uit omtrent 60% van diegene wat hulself Christene noem. *Dit doen homself voor* as die enigste moderne verteenwoordiger van 'n tradisie wat, volgens hulle, teruggevoer kan word na die Apostels. Rooms-Katolieke glo die huidige Pous, die Biskop van Rome, is die ***direkte opvolger*** van die apostel Petrus, wat hulle die eerste Pous noem.

*Maar, is hy werklik*?

U Bybel toon dat godsdiens en godsdienstige figure teen die einde van hierdie tydvak, noemenswaardige rolle sal vertolk op die wêreldverhoog – dat godsdienstige misleiding wydverspreid sal wees. Jesus Self waarsku: "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (Mattheüs 24:4-5). Dit is dus noodsaaklik dat ons verstaan *wat skuil agter* die aansprake van pouslike voorrang. *Is dit* 'n onbetwisbare feit, 'n legendariese tradisie, 'n mite of 'n saak van politieke intrige? Hierdie saak sal 'n dramatiese invloed hê op u lewe en op die toekoms van die wêreld, in die jare wat binnekort voorlê!

Die Skrif gee 'n gesprek weer waarin Jesus aan die apostel Petrus gesê het: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my gemeente bou" (Mattheüs 16:18). Rooms-Katolieke gebruik hierdie vers as bewys dat die "amp van die Pous nie verkry is van enige menslike owerheid nie, nie van die Kerk nie, maar direk vanaf God. Dit is God se skepping 'vir die bewaring van eenheid,' soos St. Thomas Aquinas opgemerk het. Dit was deur Christus Self aan Petrus gegee en aan sy opvolgers *tot die einde toe*. Ons Here [Jesus Christus] het die voorrang van Petrus bevestig" (*Catholic Belief*, Cartmell, bl. 16). Rooms-Katolieke beweer dat toe Jesus aan Petrus gesê het: "Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee" (vers 19), daardie sleutels "simbolies is van oppermagtige outoriteit" en dit het Petrus "meester of baas" van die koninkryk van die hemel gemaak (*ibid.*).

Die Rooms-Katolieke Kerk *maak daarop aanspraak* om "apostolies in haar *oorsprong* te wees, omdat sy gebou is op 'die fondament van die apostels' (Efesiërs 2:20). Sy is apostolies in haar *leer* wat dieselfde is as dié van die Apostels. Sy is apostolies as gevolg van haar *struktuur*, in soverre sy geleer, geheilig en gelei word – tot Christus se wederkoms – deur die Apostels, deur middel van hulle opvolgers wat die biskoppe is in omgang met die opvolger van Petrus ... Die Pous, Biskop van Rome en die Opvolger van Petrus, is die voortdurende, sigbare bron en fondament van die eenheid van die Kerk. Hy is die vikaris [plaasvervanger of verteenwoordiger] van Christus" (*The Catechism of the Catholic Church*, bll. 61-63).

Is hierdie aansprake geldig? Een sleutelgedeelte van die bewys van Petrinale voorrang is die bewering dat die apostel Petrus die Kerk in Rome gestig het en dat hy daar gemartel is, soos aangedui word deur vroeëre skrywers, insluitende Clemens van Rome, Ignatius van Antiochië, Dionísius van Korinthe en Irenaeus van Lyons. Die *Catholic Encyclopedia* beweer, in sy artikel, "Peter": "Dit is 'n onweerlegbare bevestigde historiese feit dat Petrus in Rome gewerk het gedurende die laaste deel van sy lewe, en dat sy aardse lewe daar beëindig is deur 'n marteldood". Die artikel maak melding van 'n "vyf-en-twintig-jarige episkopaat van Petrus" in Rome, vanaf ongeveer 42-67 n.C., en maak melding daarvan dat Petrus se eerste sendbrief geskryf is vanuit "Babilon" – wat volgens bewering 'n kodenaam vir die stad van Rome is. Die artikel volhard: "Die essensiële feit is dat Petrus in Rome gesterf het:

Dit voorsien die *historiese fondasie* vir die aansprake van die Biskoppe van Rome op die Apostoliese voorrang van Petrus".

Is dit 'n geldige aanspraak? Tot so onlangs as 60 jaar gelede is die aankondigings deur Pous Pius XII, dat "Vatikaanse argeoloë die graf van Petrus onder die hoë altaar van die Sint Petruskatedraal in Rome gevind het, en dit *lyk* of dit die Katolieke leerstelling bevestig en geldigheid verleen aan die oortuiging wat voor die tyd van Konstantyn ontstaan het" (*Time*, 5 September 1949). Daar is egter meer aan die storie!

**Roomse aansprake**

Dit is 'n werklikheid dat die leerstelling van pouslike voorrang gebaseer is op apostoliese opvolging sedert Petrus – die sogenaamde "Petrinale teorie" – standaard Rooms-Katolieke leerstelling was vir eeue. Dit berus op 'n besondere interpretasie van een sleutelgedeelte van die Skrif, waarin Jesus gesê het: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees" (Mattheüs 16:18-19). Noukeurige bestudering van hierdie gedeelte, asook ander Skrifgedeeltes, toon egter nogtans iets *heeltemal anders*. In die oorspronklike Griekse teks is Jesus se stelling eintlik 'n woordspeling. Die Griekse woord vir "Petrus" is *petros* (wat 'n klein klippie beteken) en die Griekse woord vir "rots" is *petra* (wat 'n ontsaglike groot rots of berg beteken). Die Bybel openbaar duidelik dat **Jesus Christus die "Rots" is** waarop die Kerk gebou sou word (verwys 1 Korinthiërs 10:4; 1 Petrus 2:4-8; en ook Psalm 118:22; Jesaja 28:16). Jesus het na Homself en Sy leerstellings verwys as die *petra* waarop die Kerk gebou sou word en het erkenning verleen aan Petrus ('n *petros*) as *een* van die fondament klippe. Dit stem ooreen met ander Skrifgedeeltes wat toon dat die Kerk nie op Petrus *alleen* nie, maar "gebou is op die fondament van die apostels en profete, terwyl **Jesus Christus self die hoeksteen is**" (Efesiërs 2:20). Let daarop dat in bogenoemde aanhaling uit *The Catechism of the Catholic Church*, hierdie uiters belangrike laaste gedeelte uitgelaat is – om misleidend 'n ander betekenis daaraan te verleen! Sodanige verdraaiing van die Skrif is een rede waarom die Rooms-Katolieke Kerk se aanspraak op mag wat gebaseer is op Petrus se veronderstelde voorrang, *nooit aanvaar was* deur die Oostelike-Ortodokse kerke nie, en waarom dit *verwerp* was deur die Protestantse Hervormers (verwys na *Civilization Past & Present*, Wallbank, bl. 133).

By nadere ondersoek het ander bewyse wat veronderstel is om te "bewys" dat Petrus in Rome geleef, gewerk, 'n Kerk gestig en as martelaar gesterf het, ook *minder oortuigend* geword. Die boek Handelinge *swyg* oor waarheen Petrus gegaan het nadat hy in 33 n.C. in Jerusalem in die tronk was – dit sê slegs hy het "na 'n ander plek vertrek" (Handelinge 12:17). Volgens die Skrif het Paulus Petrus in ongeveer 45 n.C. *in Antiochië* gekonfronteer oor die kwessie van besnydenis, en Petrus verskyn *in Jerusalem* vir 'n konferensie in ongeveer 49-50 n.C. Nogtans, volgens die *Catholic Encyclopedia* ("Peter", Vol 11., 1911 uitg.) was Petrus veronderstel om gedurende daardie tyd vir 25 jaar Biskop van *Rome* te wees – hiervoor is daar geen skriftuurlik of historiese bewys nie! Die bewering dat Petrus se groet uit "Babilon" (1 Petrus 5:13) beteken dat hy die boek in Rome geskryf het, om en by 60-64 n.C. – *slegs 'n veronderstelling* is. In werklikheid is die eerste kriptiese verwysing na Rome as "Babilon", te vinde in Openbaring 17:5, wat omtrent 30 jaar later geskryf is!

Dit is nogal interessant dat Katolieke geleerdes graag wil hê dat Petrus se verwysing na "Babilon" eintlik Rome moet aandui, om geldigheid te verleen aan die idee dat hy in Rome gewerk het – nogtans skram hulle weg van enige voorgestelde skakel tussen Rome en die vrou na wie verwys word as "Verborgenheid, die groot Babilon" in Openbaring 17:5. Dit is *verseker nie*

*konsekwent* met die Skrif nie!

Nog 'n vroeëre bron wat somtyds aangehaal word om steun te verleen aan Petrus se verblyf en martelaarskap in Rome, is 'n hoogs-betwiste gedeelte in die Eerste Sendbrief van Clemens, geskryf ongeveer 100 n.C. Hierdie gedeelte noem egter slegs dat Petrus "baie lyding verduur" het voor hy gesterf het, soos die geleerde Oscar Cullman opmerk: "D*ie plek* waar Petrus baie lyding verduur het, *word glad nie vermeld nie*" – dit word slegs veronderstel deur geleerdes wat die teks vertolk het (*Peter: Disciple-Apostle-Martyr*, bll. 91-93). *Die Brief van Ignatius van Antiochië aan die Romeine*, wat dateer uit die begin van die tweede eeu n.C., verwys na opdragte wat deur Petrus en Paulus gegee is maar, soos geleerdes opmerk, "*nie 'n woord word gesê* om aan te dui dat die twee Apostels in Rome was nie" – dit word slegs maar *vermoed* deur diegene wat die teks interpreteer het (*ibid*., bl. 110). Professor Cullman, 'n Duits-gebore teoloog en ekumeniese geleerde kom tot die gevolgtrekking dat, op grond van die beskikbare bewyse, "Die stigting van die Roomse Kerk deur Petrus, kan *nóg bewys word, nóg as waarskynlik beskou word* … Aangaande 'n biskopsamp van Petrus was daar *nooit iets gesê* nie" (*ibid*., bl. 113). Ander moderne naslaanwerke kom tot dieselfde gevolgtrekking: "Die tradisie dat Petrus die stigter van die kerk in Rome en die eerste biskop was, *ontbreek aan historiese bewyse*. Die Bybel gee *geen* aanduiding daarvan nie. In werklikheid is daar *geen historiese bewys* dat Petrus ooit in Rome was nie, alhoewel historici toegee dat hy moontlik daarheen kon gegaan het heel aan die einde van sy lewe" (*The New Unger's Bible Handbook*, bl. 633).

Selfs die beweerde plek van Petrus se graf – wat veronderstel is om onder die altaar in die Sint Petruskatedraal in Rome te wees – kon nie bevestig word by nadere ondersoek nie. Alhoewel Pous Pius XII in 1950 aangekondig het dat Petrus se oorblyfsels gevind is, kon beoordeling van die bewyse deur ander geleerdes, *nie daarin slaag* om die Pous se aanspraak *te bevestig* nie (verwys na *Time*, 27 Maart 1950). Dit is later bevind dat die oorblyfsels die gebeente van 'n vrou en 'n paar plaasdiere is. 'n Meer onlangse teks maak hierdie stelling: "Aangesien alle betroubare inligting oor die plek van Petrus se teregstelling en waar hy begrawe is ontbreek, sal die moontlikhede daaraan verbonde soos so baie ander ope vrae bly" (*History of the Church*, Jedin, bl. 118). Die uiteindelike slotsom is dat niks bewys kon word oor óf die dood óf die begraafplek van Petrus in Rome nie – *dit berus alles op twyfelagtige tradisie*!

**Ontwikkeling van 'n dogma**

Dus, indien daar geen historiese bewys is dat Petrus ooit in Rome was, dat hy die Kerk in Rome gestig het of dat hy selfs in Rome gesterf het nie, *hoe* en *waarom* het die idee van pouslike voorrang gebaseer op opvolging van Petrus dan ontwikkel? Twee insiggewende boeke deur Rooms-Katolieke geleerdes (*Saints & Sinners* deur Dr. Eamon Duffy van die Universiteit van Cambridge en *The Catholic Church* deur Dr. Hans Kung van die Universiteit van Tubingen) voorsien ooreenstemmende weergawes van die ontstaan van die idee van pouslike voorrang en die *dogma* van apostoliese opvolging van Petrus. Albei erken dat daar *niks* in die Nuwe Testament is wat Petrus aan Rome verbind nie. Die Bybel openbaar dat die *apostel Paulus* die boek van Romeine geskryf het, Paulus het ook nie eens melding gemaak van Petrus toe hy sy groete aan meer as 20 van die broeders in Rome oorgedra het nie (Romeine 16). Toe Paulus in ongeveer 60 n.C. na Rome gegaan het, het hy gevind dat die Joodse leiers aldaar nog nie eens van die Evangelie van Jesus Christus en die Koninkryk van God gehoor het nie (Handelinge 28:17-24). Indien Petrus teen daardie tyd al vir dekades lank die biskop van Rome was, sou Christus se boodskap daar werklik nog onbekend gewees het?

Die idee dat Petrus in Rome was, is 'n tweede-eeuse opvatting wat vernaam geword het in die vierde eeu nadat Konstantyn Christelikheid die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk gemaak het.

Geleerdes Duffy en Kung het gedemonstreer hoe biskoppe in Rome 'n gesamentlike poging aangewend het *om voorrang te verkry* oor die ander kerke, deur 'n verskeidenheid van aansprake en konkelry. Irenaeus van Lyons het 'n lys saamgestel wat veronderstel was om die leiers van die Roomse Kerk terug te spoor na Petrus en Paulus. Dr. Kung wys egter daarop dat "Biskoppe van die Katolieke Kerk (net soos diegene van die Anglikaanse en Ortodokse Kerke) graag *na hulself verwys* het as 'opvolgers van die apostels' … nogtans *kan dit nie bevestig word* dat die biskoppe, in direkte en uitsluitlike verband, die opvolgers van die apostels is nie … die vroegste lys van biskoppe [saamgestel deur Irenaeus] … is 'n *tweede-eeuse vervalsing*" (Kung, bll. 30-31).

Verskeie vroeëre biskoppe in Rome het onsuksesvol probeer om daarop aanspraak te maak dat hul mag berus op Jesus se woorde aan Petrus (Mattheüs 16:18-19). Teen die einde van die tweede eeu na Christus het Biskop Victor van Rome probeer om die kerke in Klein-Asië te dwing om die Roomse Paasfees in plaas van die Pasga te onderhou, maar sy pogings was *teengestaan* deur die Kerkleiers in Klein-Asië, wat hulle onderhouding van die Pasga teruggevoer het na die leringe en voorbeeld van die apostel Johannes. Rondom 250 n.C. het 'n biskop van Rome genaamd Stéfanus aanspraak gemaak op oppergesag oor ander kerke in 'n geskil oor watter kerk die beter tradisie gehad het, maar die ander kerke het sy eis *teengestaan* (Kung, bl. 49). 'n Biskop van Rome, by name Damasus (ongeveer 380 n.C.), beskryf as 'n "mee-doënlose magsmakelaar", het die gesegdes oor Petrus gebruik as die "rots" om sy aansprake op mag te bevorder. Hy het ook gepraat van sy "apostoliese setel", asof geen ander kerk saak gemaak het nie en hy het monumente vir martelare opgerig om die posisie van die Roomse Kerk te bevorder (Duffy, bll. 37-39).

Dit is belangrik om te onthou dat hoewel al hierdie biskoppe van Rome deesdae "Pouse" genoem word, die eerste een wat aanspraak gemaak het op daardie uitsluitlike titel, Siricius (ongeveer 390 n.C.), was. Teen 450 n.C., het Leo die Grote sterk klem gelê op die veronderstelde Petrinale skakel met Rome en die pousdom, en het selfs die vergelyking getref deur Petrus en Paulus en die stigting van Rome deur Romulus en Remus (Duffy, bll. 43-44). By die Raad van Chalcedon (451 n.C.) het Leo se aanhangers verklaar dat "Petrus deur Leo gepraat het" (Duffy, bl. 45), nogtans het die Raad Leo se omvattende aansprake op oppergesag verwerp en aan Rome en Konstantinopel *gelyke status* verleen (Kung, bll. 64-65).

Meer en meer hoogdrawende pouslike aansprake het voortgeduur tot in die Middeleeue, namate ambisieuse en gewetenlose Pouse *blatant vervalste dokumente* gebruik het om hul aansprake op wêreldwye mag te ondersteun. Een so 'n dokument is die *Skenking van Konstantyn*, sogenaamd opgestel deur die Romeinse Keiser Konstantyn in 330 n.C. as blyk van sy sogenaamde dankbaarheid omdat hy in die Christelike geloof opgelei is en van melaatsheid genees is deur Pous Sylvester die Eerste. Hierdie dokument sou aan Sylvester en sy opvolgers wye magte verleen het om oppermagtig te wees oor al die ander biskoppe en selfs oor groot dele van Europa en Afrika. Alhoewel dit in die Middeleeue algemeen aanvaar was as outentiek, is later bevind dat die dokument 'n *absolute vervalsing* is, wat om en by 750 n.C. geskep was. In werklikheid was daar *nooit*, gedurende sy leeftyd, na Sylvester verwys as 'n universele Pous nie en sy genesing van melaatsheid deur Konstantyn was niks meer as 'n *legende* nie.

Nog 'n welbekende vervalsing, die *Pseudo-Isadorian Decretals*, bevat honderde *vervalste dokumente* – as sou dit uit vroeëre eeue kom – wat lyk of dit Middeleeuse Pouse se aansprake op mag ondersteun. Soos latere geleerdes erken, "skep hierdie vervalsings die indruk dat die vroeëre kerk regeer was deur pouslike dekrete tot in die fynste besonderhede van sy lewe" (Kung, bl. 82). Selfs vandag nog aanvaar en herhaal sommige agtelosige skrywers hierdie

pouslike aansprake van universele outoriteit en vergeet of ignoreer die *oneerlike grondslag* van hierdie aansprake.

Die Rooms-Katolieke aansprake vir pouslike voorrang berus op die idee dat hul organisasie getrou die leer van Jesus Christus en die Apostels deur die eeue heen bewaar het. Nogtans, wanneer die Rooms-Katolieke leerstellings werklik met die Skrif vergelyk word, word *opvallende teenstrydighede* duidelik. Die Bybel openbaar dat Jesus Christus, die Apostels en die vroeëre Kerk almal die Sabbat en die Bybelse Heilige Dae onderhou het (sien Lukas 4:16; Johannes 7:8-10; Handelinge 17:2; 1 Korinthiërs 5:7-8). Die Rooms-Katolieke Kerk het egter, sedert die dae van Konstantyn, Sondagaanbidding sowel as Paasfees, Kersfees en 'n menigde dae van "heiliges", *uit die heidendom* oorgeneem – nogtans is daar geen Bybelse voorbeeld of opdrag om dit te doen nie. Die Skrif waarsku ons in werklikheid *daarteen* om heidense gebruike aan te neem (sien Deuteronomium 12:29-32; Jeremia 10:2).

Die Skrif toon dat die vroeëre Kerk verkondig het dat die Koninkryk van God met Jesus Christus se wederkoms op hierdie aarde gevestig sal word, nogtans het die Rooms-Katolieke Kerk geleer dat die Kerk self die Koninkryk van God *is* en het hulle die ware Bybelse leerstelling oor die Koninkryk van God as *dwaalleer verwerp*. Die Rooms-Katolieke Kerk verkondig dat Maria, Jesus se moeder, ewigdurend 'n maagd gebly het, maar die Skrif toon duidelik dat sy ander kinders ook gehad het na Jesus (Markus 3:31-32; Lukas 8:19-21). Selfs al was Petrus en van die ander Apostels getroud (Markus 1:30; 1 Korinthiërs 9:5), het die Rooms-Katolieke Kerk 'n "dissipline" van priesterlike selibaatheid ingestel, ten spyte van die Skrif se duidelike opdrag dat die verbod op die huwelik 'n Satan-geïnspireerde idee is (1 Timotheüs 4:1-3). Dit is interessant om daarop te let dat in teenstelling met die lankbestaande Rooms-Katolieke Kerk se gebruik om te kniel om die ring van die biskop of pous te soen, die apostel Petrus hierdie soort eerbetoon *geweier* het (Handelinge 10:25-26). Hierdie is slegs maar 'n paar van baie voorbeelde van hoe die Katolieke Kerk *afgewyk* het van apostoliese leringe!

Vir meer as 1 500 jaar het ambisieuse individue probeer om die Rooms-Katolieke bisdom van Rome te gebruik om hul eie aansprake op universele heerskappy te bevorder, deur maatskaplike, politieke, teologiese, wettige – en selfs militêre – druk te gebruik saam met misleiding en vervalsing, om hul doelwitte te bereik. Hierdie slim, en dikwels gewetenlose manne, het hul *gedistansieer* van die leerstellings van die vroeëre Kerk – en maak selfs daarop aanspraak om die hoogste en uitsluitlike vikaris (plaasvervanger) van Christus op hierdie aarde te wees. Selfs baie Katolieke geleerdes besef die valsheid van hulle aansprake. Soos Kung dit duidelik stel: "Die aansprake wat hulle gemaak het, mag *geen Bybelse en teologiese gronde* hê nie, maar deur die eeue heen het hierdie [aansprake] die kerkwet binnegedring as *aanvaarde feite*. Dit kom derhalwe vir baie mense vandag, binne en buite die Katolieke Kerk, voor asof wat die Roomse biskoppe van die vierde en vyfde eeue *aan hulself toegeëien het*, dít is wat eintlik oorspronklik Katoliek was, in 'n groeiende bewustheid van hul mag" (Kung, bl. 50). Ons sien dus dat die aansprake op pouslike voorrang gebaseer op apostoliese opvolging van Petrus, nie berus op grondige bewyse nie, maar op *dogma* – idees wat met gesag verkondig word, maar wat ontbreek aan historiese bewyse! By die laaste ontleding berus hierdie aansprake nie op geskiedenis of op die Bybel nie, maar op *twyfelagtige menslike tradisies*!

***Profetiese belangrikheid***

Presies hoe raak hierdie kommerwekkende feite van die geskiedenis ons vandag? Eindtydse Bybelse profesieë bied belangrike en leersame insig. Soos ons gesien het, waarsku Jesus dat vals leermeesters ontsaglike groot misleiding sal veroorsaak teen die einde van hierdie tydperk

***Vervolg op bladsy 26***

# Die teken van Jona

## Deur Rod McNair

**Presies wat is die "teken van Jona"? Wat het dit met u en u toekoms te doen?**

"Wys aan ons 'n teken – dan sal ons glo dat u die Messias is!" Dit was die uitdaging wat die godsdienstige leiers van Sy dag aan Jesus gerig het. Hulle het gewonder of hierdie man die Messias is, soos sommiges beweer het – en hulle het daarop aangedring dat Hy dit moes *bewys*!

Wat het Hy gedoen? Hy het aan hulle 'n teken gegee, deur aan hulle te sê: "'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, **behalwe die teken van Jona, die profeet"** (Mattheüs 16:4). 'n Ander weergawe van die evangelie gee die woorde van Jesus só aan: "Hierdie geslag is boos; dit soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona 'n teken was vir die Nineviete, so sal die Seun van die mens ook wees vir hierdie geslag" (Lukas 11:29-30).

Daardie teken, indien ons dit kan identifiseer, sal die Redder van die wêreld openbaar. Christus se wonderwerke was wonderlike tekens van God se mag en bediening. Sy werke getuig van Hom (Johannes 14:11). Aan die dissipels van Johannes die Doper het Jesus die tekens van genesing van blindes en reiniging van die melaatses gewys – tekens wat die Messias geprofeteer was om te doen (Jesaja 61:1). Nogtans het Jesus gesê dat die belangrikste teken wat Hom as die Messias sou identifiseer, "die teken van Jona" sou wees.

Wat was die teken van Jona – en wat het dit vandag met ons te doen?

### 'n Oproep tot bekering?

Sommige mense glo dat die "teken van Jona" net maar Jesus se oproep aan Sy toehoorders was om hulle te bekeer – ongeveer soos wat Jona ook 'n oproep tot bekering gepreek het. Let wel: "En die woord van die HERE het gekom tot Jona, die seun van Amíttai, en gesê: Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen, want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig" (Jona 1:1-2).

Later in die verhaal vind ons wat Jona verkondig het: "En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes. En die manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee" (Jona 3:4-5).

Die inwoners van Ninevé het reageer op Jona se aangrypende oproep tot bekering. Van die belangrikste tot die onbenulligste het hulle weggedraai van hul sondige lewenswyse. "En God het hulle werke gesien dat hulle hul bekeer het van hulle verkeerde weg; toe het God berou gehad oor die onheil wat Hy gesê het dat Hy hulle sou aandoen, en Hy het dit nie gedoen nie" (vers 10).

Ja, beide Jona en Jesus het oor bekering gepreek. Was dit egter die teken waarvan Jesus gepraat het, of was daar iets anders?

### 'n Simboliese Opstanding?

Sommige mense sê dat die teken van Jona, sy simboliese opstanding uit die dood was, wat Christus se opstanding versinnebeeld. Na alles, toe Jona in 'n skip gevlug het, oorboord gegooi en heelhuids deur 'n seedier ingesluk was, was hy so goed as dood! Ons het selfs 'n rekord van sy gebed – van binne uit die maag van die vis! "En Jona het tot die HERE sy God gebid uit die ingewande van die vis en gesê: Uit my benoudheid het ek die HERE aangeroep, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp – U het my stem gehoor" (Jona 2:1-2). Die Hebreeuse woord *sheol* kan ook vertaal word as "die graf". Jona het geweet dat sy lewe verby sal wees sonder God se dramatiese ingryping!

God het Jona nogtans uit sy gruwelike onderwaterse kerker bevry! God het Jona spreekwoordelik teruggebring na die lewe! Jona beskryf dit só: "U tog het my in die diepte gewerp, in die hart van die see, sodat 'n stroom my omring het; al u bare en u golwe het oor my heengegaan ... Waters het my omring tot aan die siel toe, die vloed was rondom my; seegras was om my hoof gedraai. Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit; maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, HERE my God!" (Jona 2:3, 5-6).

Jona was *figuurlik* opgewek uit die dood, net soos Jesus Christus *letterlik* uit die graf opgewek was. Is dít die teken waarvan Jesus gepraat het? Of is dit iets anders?

**In Jesus se eie woorde**

Indien ons noukeurig let op Jesus se eie woorde, kan ons die sleutel agter die teken van Jona insien. "Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. **Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees"** (Mattheüs 12:39-40).

Drie dae en drie nagte – dit is die teken van Sy Messiasskap wat Jesus gegee het. Ons Verlosser het Sy ware identiteit op die spel geplaas wat sommige mense opsy mag skuif as 'n oënskynlike onbelangrike bysaak!

Onthou egter: Ons Skepper is 'n God van volmaakte tydsberekening. Hy het presiese opdragte gegee van wanneer om die Pasga op tyd te onderhou (Eksodus 12:12, 22). Hy het aan die mensdom presiese opdragte gegee om 'n spesifieke dag van rus en aanbidding te onderhou (Eksodus 20:8). Hy gee ons opdrag om spesifieke jaarlikse Heilige Dae deur die jaar te onderhou (Levitikus 23). Wanneer dit by profesieë kom, is Sy tydsberekening ook volmaak, Hy "wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:10). Inderdaad, die profeet Daniël het die tydsberekening van Christus se eerste koms honderde jare vooruit voorspel (Daniël 9:24-26). Ons kan derhalwe verstaan dat die dood en opstanding van die Verlosser van die wêreld ook volgens volmaakte tydsberekening sou geskied.

Het die Fariseërs verstaan wat Jesus gesê het oor die tyd wat Hy in die graf sou wees? *Natuurlik!* Na Sy dood het hulle na Pilatus gegaan met 'n ongewone versoek: "Die volgende dag – dit is die dag ná die voorbereiding – kom die owerpriesters en die Fariseërs by Pilatus saam en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan Ek op" (Mattheüs 27:62-63).

Die hoofpriesters en Fariseërs was bevrees dat Christus se dissipels sou probeer om Sy opstanding *te vervals* deur *presies die tydsberekening wat Hy gegee het, te volg, om sodoende Sy invloed te laat voortduur selfs na Sy dood.* Pilatus het bykomende veiligheidsmaatreëls gemagtig om seker te maak dat daar nie met die graf gepeuter sou kon word nie (verse 65-66).

Christus se toehoorders het die teken verstaan. *Die meeste mense wou dit egter nie glo* toe Jesus opgewek was nie, en hulle het Hom nie as die Messias aanvaar nie.

**Slegs "gedeeltes" van dae?**

Was Jesus werklik drie dae en drie nagte in die graf? Waarom behoort ons om te gee? Watter verskil kan dit tog vir ons maak? Slegs dat dit die einste teken van Sy Messiasskap is! *Om dit te verwerp is om Hom te verwerp*.

Daar is egter honderde miljoene welmenende mense wat vandag "Goeie Vrydag" onderhou as die veronderstelde dag van Jesus se dood, gevolg deur "Paassondag" as die veronderstelde dag van Sy opstanding. Vanaf daglig Vrydag tot daglig Sondag, is **slegs twee** nagte en net **dele** van drie dae! Daar is geen akkurate manier om daardie tyd as die "drie dae en drie nagte" te interpreteer as die teken wat Jesus gegee het nie!

Sommige geleerdes beweer dat Christus se "drie dae en drie nagte" slegs maar 'n taalkundige uitdrukking is eerder as 'n spesifieke uitdrukking van tyd. Hulle beweer dat "drie dae en drie nagte" kan verwys na *enige dele* van drie dae en drie nagte. By voorbeeld, kommentator Adam Clarke hou vol: "Drie dae en drie nagte, volgens hierdie Joodse metode van berekening, sluit enige deel van die eerste dag; die hele volgende nag; die volgende dag en nag; en enige deel van die opvolgende of derde dag in" (*Clarke's Commentary*, Vol. V, bl. 140).

Ja, daar is een Joodse tradisie waar dele van 'n dag as 'n geheel getel word. Clarke verduidelik ook: "Die tradisie is dat R. Eliazar ben Azariah gesê het: ''n Dag en 'n nag maak 'n *onah*: En 'n deel van 'n *onah* is soos die geheel'" (*ibid*.).

Indien ons egter dieper delf, vind ons ook dat daar ander Joodse tradisies is hoe om dae te tel. Sommige rabbis het geleer dat 'n individuele dag of nag – nie 'n gekombineerde dag en nag periode nie – as 'n *onah* beskou kon word. Weereens, volgens Clarke: "Hoe lank is die tydsduur van 'n *onah*? R. Jochanan het gesê: 'Of 'n dag of 'n nag. Ook volgens die Jerusalem Talmud: R. Akiba het 'n dag as 'n *onah* vasgestel en ook 'n nag as 'n *onah*'" (*ibid*.). Volgens hierdie tradisie sou dit net so akkuraat gewees het om Jesus se opmerking te interpreteer as bestaande uit ses *onahs* – gedeeltes of hele dele van drie daglig periodes en drie nag periodes. Dit sou nogtans duidelik nie ooreenstem met die algemene begrip van 'n Vrydag kruisiging en Sondag opstanding nie.

Wat is die punt? Omdat daar verskillende gebruike van hierdie idioom is, kan ons tot drastiese verskillende gevolgtrekkings kom, afhangende van watter tradisie ons volg. Joodse tradisies is dus nie 'n betroubare bron om die lengte van die tyd wat Jesus in die graf was vas te stel nie.

Waarheen kan ons ons dus wend? Is daar Bybelse bewyse om die tyd wat Christus in die graf was, vas te stel? Ja, daar is!

**72 Letterlike ure**

Die boek Genesis gee aan ons gedeeltelik die antwoord. Wanneer ons lees van die eerste dag van die skepping, vind ons hoe 'n "dag" en 'n "nag" vasgestel is, "en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag" (Genesis 1:5). Die woord vertaal as "dag" kom van die Hebreeuse woord *yowm*, wat "om warm te wees" beteken – vir die ure wanneer die son skyn. Die woord vir "nag" – *layil* – kom van 'n Hebreeuse woord wat "weg van die lig af" beteken, of die ure wanneer die son onder is en dit donker is (verwys na *Strong's Dictionary*).

Dit is betekenisvol dat toe Jona se beproewing in die maag van die vis beskryf word, *presies dieselfde woorde* vir dag en nag gebruik word as dié in Genesis 1:5: "En die HERE het 'n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was drie dae [*yowm*] en drie nagte [*layil*] in die ingewande van die vis" (Jona 1:17).

Ons kan ook ag slaan daarop hoe die Nuwe Testament die woord "dag" gebruik. Let op Jesus se eie woorde toe Hy die vraag gevra het: "Is daar nie twaalf ure in die dag nie?" (Johannes 11:9). Hier, net soos Sy woorde aan die Fariseërs, het Christus 'n "dag" beskou as die tydsduur van ongeveer twaalf ure wanneer die son op is.

Sommige mense was verwar deur die stelling dat Christus "*op* die derde dag" opgestaan het (Handelinge 10:40), deur te dink dat dit 'n periode van minder as 72 ure kan beteken. Hier moet ons onthou om die ander weergawes van die Evangelies ook in ag te neem. Byvoorbeeld, Jesus het gesê: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig" (Johannes 2:19). Ons vind ook: "Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en *ná* drie dae opstaan" (Markus 8:31).

Die enigste manier om aan ***al drie*** voorwaardes te voldoen – *op die derde dag, in drie dae* en *na drie dae* – is om die tyd van Jesus se opstanding presies op die juiste einde van 'n periode van 72 uur vas te stel.

Wanneer het hierdie 72 ure begin? Die Skrif toon dat Jesus gekruisig was op 'n

Voorbereidingsdag: "En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee. En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was **– want die dag van daardie sabbat was groot –** het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word" (Johannes 19:30-31).

Lesers neem soms aan dat hierdie Voorbereidingsdag die Vrydag voor die weeklikse Sabbat moes wees. Die Skrif openbaar egter dat daardie Sabbat "groot" was – dus een van die *jaarlikse* Heilige Dae van Levitikus 23! Jesus was gekruisig nadat Hy die Pasga genuttig het, **as** ons Pasga, toe was Sy liggaam na die graf geneem voordat die Heilige Dag, bekend as die Eerste Dag van Ongesuurde Brood, aangebreek het.

**Maak dit saak?**

Party van u wat hier lees mag geskok wees om te leer van die tydsberekening wat u nooit voorheen verstaan het nie. Ander mag vra: "Maak dit saak? Waarom bekommerd wees oor hierdie tegniese besonderhede wanneer dit verseker genoeg is om net in Christus te glo?"

Die meeste belydende Christene *aanvaar* dat Jesus Christus opgewek was op Sondagoggend. Waarom? Omdat hulle van kindsbeen af die "Paasfees storie" geleer was. Wat sê die Bybel egter? "En op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena vroeg, **terwyl dit nog donker was**, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie" (Johannes 20:1-2).

Op die eerste dag van die week, *toe dit nog donker was*, het Maria Magdalena by die graf gekom, en toe het Christus alreeds opgestaan! *Jesus Christus het nie met sonop opgestaan nie*. Hy het een of ander tyd voor of gedurende Saterdagnag opgestaan.

Nee, daar was geen "Paassondag sonsopkoms eredienste" in die vroeëre Kerk nie – selfs volgens die *Encyclopaedia Britannica*: "Die naam "Easter" [Paasfees] ... is afgelei uit Eostre of Ostara, die Anglo-Saksiese godin van Lente … Daar is geen aanduiding dat Paasfees [Easter] in die Nuwe Testament onderhou was nie" (1911 uitgawe, bl. 828).

Dus, waar kom die idee van 'n "sonsopkoms diens" dan vandaan? Verbasend genoeg, maak die Ou Testament melding van God se mense wat so 'n "sonsopkoms diens" gehou het tydens 'n tyd van nasionale geloofsversaking en opstand teen Hom! Kyk wat die profeet Esegiël geïnspireer was om te skryf: "En Hy sê vir my: Het jy dit gesien, mensekind? Jy sal nog ander gruwels, groter as hierdie, sien. Toe bring Hy my na die binneste voorhof van die huis van die HERE; en kyk, by die ingang van die tempel van die HERE, tussen die voorportaal en die altaar, was omtrent vyf-en-twintig man, met hulle rug na die tempel van die HERE en hulle gesig na die ooste, en hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste" (Esegiël 8:15-16).

Wat was Israel se afvallige priesters besig om te doen? Hulle het die son, na die ooste toe, aanbid, in navolging van heidense rituele! Nie dit alleen nie, maar die vrouens *het Tammus betreur*: "En Hy sê vir my: Jy sal nog ander groot gruwels sien wat hulle doen. Hy het my toe gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van die HERE, en kyk, daar het die vroue gesit wat Tammus beween" (Esegiël 8:13-14). Tammus was die Mesopotamiese god van vrugbaarheid wie se storie van sy geboorte, dood en opstanding elke lente veronderstel was om die mag van die natuur se vernuwing te simboliseer. Die "Paashasie" en die gewoonte om "Paaseiers" te kleur, is moderne toevoegings tot die antieke vrugbaarheidsrituele en gaan alles om heidense aanbidding en het niks in gemeen met die aanbidding wat God in die Bybel gebied nie! Paasfeesviering is niks anders as 'n vervalsing wat gladnie die ware Christus vereer nie (Mattheüs 24:24)! Indien u meer inligting verlang, vra asseblief u gratis kopie van ons boekie, *Satan se vervalste*

*Christendom*, aan.

Om dit eenvoudig te stel, die Vrydag-Sondag storie *verberg en skram weg van* die ware Heilige Dae van God, verwerp die teken wat Jesus Self gegee het en berei die weg voor vir die inleiding van heidense rituele in plaas van dit wat God ingestel het. In teenstelling daarmee vervul die Bybel se duidelike Woensdag-Saterdag weergawe, met Christus wat vir die volle 72 ure soos Hy geprofeteer het, in die graf was, die teken wat Hy gegee het; *dit erken die ware Heilige Dae van God* en openbaar dat die Paasfees [Easter] storie onmoontlik en onbybels is!

Wat van u? Aanbid u die God van die Bybel? Of volg u maar net mensgemaakte tradisies na, soos Paasfees – selfs wanneer dit die Bybel weerspreek? Is u gewillig om dit waarin u glo, te betwis wanneer die Bybel dit verkeerd bewys? Ons moet nie wees soos hierdie ydel aanbidders wat Jesus beskryf nie: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Mattheus 15:8-9).

God *gee wel* om hoe ons Hom vereer (Deuteronomium 12:29-31). Indien ons die teken van Jona verstaan – wat Jesus gesê het die *enigste* teken is wat gegee is dat Hy die Messias is – dan kan ons begin om die ware Jesus Christus van die Bybel te verstaan. Toe Jesus uit die dood opgestaan het na 72 uur in die graf, het Hy daardie teken vervul. Aanvaar u Sy woorde dat dit die teken was van die ware Messias – *wat Hy gegee het om te bewys dat Hy die Verlosser van die wêreld is*? WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis moet dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG: Ek bly in u tydskrif lees van Jesus Christus se toekomstige duisendjarige heerskappy op die aarde. Indien God weet dat ons wêreld in so 'n gemors is, en indien Hy weet dat slegs Hy dit kan beter maak, waarom sou Hy dan duisende jare wag en intussen soveel lyding en swaarkry toelaat? 'n Werklike liefhebbende God sou nie wag nie, sou Hy?**

**ANTWOORD:** God is nie onbewus van die mensdom se swakhede en foute nie, ook is Hy nie gelukkig daaroor nie. "God het uit die hemel neergesien op die mensekinders om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie" (Psalm 53:3-4).

Die meeste mense aanvaar dat, ten spyte van die lamlendige toestand van ons wêreld, God probeer om die wêreld en sy mense tans te red. Indien ons egter aanneem dat God probeer om die mensdom nou te red, mag Sy optrede moeilik wees om te verstaan. Meer as twee-derdes van alle mense wat nou leef, maak nie eens daarop aanspraak dat hulle Christene is nie, en die meeste van die "Christene" glo nie of beoefen nie wat Jesus verkondig het nie. Ons weet dat daar geen ander naam as die naam van Christus is waardeur ons gered kan word nie (Handelinge 4:12), nogtans weet ons dat die meeste mense nie nou deur daardie naam gered word nie – en ontelbare miljoene het dit nog nooit eens gehoor nie. Indien God probeer om die mensdom nou te red, het Hy hopeloos gefaal.

Die waarheid is dat indien God wel sou probeer om die mensdom nou te red, Hy sou slaag! Die Skrif openbaar dat God nou slegs 'n relatief klein persentasie mense in ons huidige tyd roep. Hulle is die "eerste vrugte" van die wat gered word. (Jakobus 1:18; Openbaring 14:4). Die meeste mense wat geleef en gesterf het, sal nie die ware evangelie hoor voordat God hulle sal opwek tot fisiese lewe in die oordeelstyd van die Groot Wit Troon nie (Openbaring 20:11-12). Om meer oor hierdie wonderlike aspek van God se plan te wete te kom, lees asseblief ons artikel "Sal die dooies weer leef?" elders in hierdie uitgawe.

Watter doel dien God se plan? Waarom kan almal nie tegelykertyd gered word nie? God is besig om 'n gesin saam te stel en diegene wat Hy nou roep, sal met Jesus Christus in die huwelik tree (Openbaring 19:9) en sal by Sy gesin gevoeg word sodat hulle onder Christus kan dien gedurende die Millennium, wanneer die hele wêreld onder Christus se regering sal staan en sal leer om volgens Sy weë te leef. Om meer te leer oor God se regering, lees asseblief ons artikel "God se Koninkryk is 'n WERKLIKE Regering" elders in hierdie uitgawe.

Indien Jesus Christus vandag sou terugkeer, sal daar nog steeds mense wees wat sê: "Ons sou onsself goed kon regeer sonder U hulp!" Die waarheid is dat die mensdom as geheel nie na God sal soek totdat hul weë so 'n groot ellende en benoudheid veroorsaak dat die mense tot die slotsom gekom het dat daar geen ander manier is om totale uitwissing vry te spring nie. Aan hulself oorgelaat, sal menslike wesens die wêreld tot op die randjie van kosmiese uitwissing bring. Uiteindelik sal ons wêreld deur so 'n tyd van verskriklike oorlog en vernietiging gekonfronteer word dat, tensy Jesus Christus weer kom, alle lewe op die aarde uitgewis sal word. "Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie. En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort" (Markus 13:19-20). Tot daardie tyd laat God menslike wesens toe om aan hulself te bewys dat hulle selfsugtige lewenswyses slegs ellende, smart en vernietiging kan bring.

Soos ons egter hierbo gesien het, roep God tans slegs 'n relatief klein groepie mense. Diegene wat Hy roep het die verstommende geleentheid om "eerste vrugte" te word – die eerste groep mense om deel van Sy familie te word as verheerlikte Geestelike wesens – om Jesus Christus te help om die nasies te regeer. Dus: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7). WvM

# Profesie neem

## 'n Wêreld mislei

Waarom is daar so baie godsdienste in die wêreld? Waarom is daar so baie botsende ideologieë wat mekaar opponeer vir die mense se getrouheid? Waarom het menslike pogings om vrede en geluk te verkry, oor en oor misluk? Die Bybel *openbaar* antwoorde op hierdie kommerwekkende vrae in profesieë wat vandag gestalte aanneem!

Alhoewel baie mense die Skrif beskou as bloot 'n versameling van mites en legendes, openbaar dit waarom die wêreld is soos wat dit vandag is, en dit verduidelik wat aan die kom is. U Bybel beskryf 'n magtige geestelike wese wat bekend staan as "duiwel en Satan, *wat die hele wêreld verlei*" (Openbaring 12:9-10). Die Skrif verwys na hierdie wese onder verskillende name – Lucifer, Satan, die Duiwel, die bose een, die groot draak en die slang van ouds (sien Jesaja 14, Mattheus 6:13).

Satan word ook beskryf as "die god van hierdie wêreld" wat mense se sinne *verblind* het vir die werklike bron van waarheid (2 Korinthiërs 4:3-4). As die "owerste van hierdie wêreld" (Johannes 14:30) en die "owerste van die mag van die lug" (Efesiërs 2:2), beïnvloed Satan die mens se gedagtegang deur sy verwronge idees uit te saai – wat mense sonder agterdog in hulle verstand opneem en aanneem asof dit *hulle eie idees* is. Dit is die *grondliggende bron* van die verdraaiing wat so baie godsdienste, ideologieë en kulture in ons wêreld beïnvloed het. Aangesien Satan beskryf word as 'n moordenaar en 'n leuenaar, en as die "vader" van leuens (Johannes 8:44), is dit geen wonder dat die wêreld so baie moeilikhede, tragedies en bloedvergieting deur die eeue ondervind het nie!

### Godsdienstige misleiding

Die Bybel wys dat daar uiteindelik net twee lewenswyses is: God se weg van waarheid en geregtigheid, en Satan se pad van dwaling en onreg. Die boek Genesis openbaar dat Satan die eerste mense mislei het om sy leuens te kies en God se weg te verwerp – 'n keuse wat aanloklik gelyk maar tot groot probleme gelei het (Genesis 3; Spreuke 14:12).

Deur Moses het God homself aan die Egiptenare openbaar en toe het die Egiptiese godsdienstige leiers spoedig besef dat hulle gode magteloos was voor die ware God (Eksodus 8:19). In die boek Jesaja spot die God van die Bybel met die magtelose, mensgemaakte afgode wat deur die heidense nasies aanbid word (sien Jesaja 44:9-11; 46:5-11). Die Skrif boekstaaf egter dat die Babiloniese koning Nebukadnesar tog sover gekom het om die ware God te eien en Hom as sodanig erken het (sien Daniël 4:34-37).

In die eerste eeu n.C. het die apostel Paulus opgemerk dat die afgod-aanbiddende Grieke van Athene selfs 'n standbeeld vir die "Onbekende God" gehad het – dus het Paulus hulle vertel wie daardie God werklik is (Handelinge 17:16-34). In sy brief aan die Romeine skryf Paulus teen die misleide heidense leraars "wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk", en hy maak die aantyging dat "omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid" (Romeine 1:28-32). Die boek Openbaring beskryf 'n vrou (simbool van 'n kerk), in skarlaken geklee, wat *die wêreld mislei* met haar vals leerstellings. Hierdie groot vals kerk sal 'n toekomstige diermag in Europa ondersteun, en word simbolies verbind met die sewe heuwels van Rome, asook met antieke Babilon as die bron van ons wêreld se bose politieke en godsdienstige sisteme (Openbaring 17:1-9). Die Skrif meld dat Satan beide die dier en 'n kerk wat vals godsdienstige idees versprei (sien Openbaring 13; 2 Thessalonicense 2:9-10), sal bemagtig. Die Bybel openbaar inderdaad dat Satan –

# gestalte aan

die "god van hierdie wêreld" – die outeur is van die gevegte, die getwis en die misleide vals godsdienste rondom ons.

**Vervalste Christendom**

Beide die Bybel en die geskiedenis openbaar dat die "Christendom" nie aan Satan se misleidende pogings ontkom het nie. Die Nuwe Testament waarsku herhaaldelik teen vals leraars wat daarop aanspraak maak dat hulle dienaars van Jesus Christus is, maar baie mense egter mislei om vervalste weergawes van Christelikheid te volg (Mattheüs 7:15-20; 24:3-5; 2 Thessalonicense 2; 2 Timotheüs 3; 2 Timotheüs 4; 2 Petrus 2). Die apostel Paulus beskryf misleide dienaars wat daarop aanspraak maak dat hulle Christene is, maar wat in werklikheid Satan dien wanneer hulle preek oor 'n *ander Jesus* en 'n *ander evangelie* – in teenstelling met wat in die Skrif staan (2 Korinthiërs 11:3-4, 13-15).

Jesus, die Apostels en die vroeëre Kerk het nooit deelgeneem aan weeklikse aanbidding op Sondae nie; hulle het die Bybelse sewendedag Sabbat onderhou soos hulle geleer is (sien Lukas 4:16; Handelinge 13:13-14, 42-44; 16:11-15; 17:1-2). Nogtans, aanbid die meeste mense wat hulleself "Christene" noem, vandag op Sondag – 'n dag van aanbidding wat amper 300 jaar na die apostoliese era deur die Romeinse Keiser Konstantyn tydens die Raad van Nicea ingestel is! Godsdienstige leiers gedurende Konstantyn se era, het ook begin om hulle leerstelling af te dwing dat Jesus se geboorte op die 25ste Desember onderhou moet word – 'n dag waarop heidene die hergeboorte van die Son gevier het – terwyl die Bybel nêrens opdrag gee vir die viering van Christus se geboorte nie, en inderdaad toon dat Jesus nie gebore is gedurende die koue winter nie. Jesus was in werklikheid in die meer gematigde temperature van die herfs gebore, wanneer herders nog in die nag buite hulle skape kon versorg (Lukas 2:8). Deur Bybelse waarhede te ignoreer, het vals leiers egter geredeneer dat deur heidense vakansiedae te verchristelik, hulle makliker heidense bekeerlinge sou kon werf – alhoewel die Skrif God se mense opdrag gee om nie die gebruike van ander gelowe aan te neem nie (Deuteronomium 12:30).

Geskiedskrywer Will Durant stel dit duidelik: "Die Christendom het nie die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem ... die Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld" (*Caesar and Christ*, bl. 595). Godsdienstige meningsopnemer George Barna het waargeneem dat "'n groot deel van wat ons as Christene doen vir Sondag se kerk nie van Jesus Christus, die Apostels of die Skrif kom nie ... Opvallend baie van wat ons doen vir 'kerk' *is direk oorgeneem uit die heidense kultuur* in die na-apostoliese periode" (*Pagan Christianity*, Viloa & Barna, bl. 6). Dit is geskiedkundige feite, maar baie "Christene" vandag besef egter nie hoeveel hulle praktyke eeue se godsdienstige korrupsie weerspieël nie.

Indien Satan se hand in die proses in aanmerking geneem word, is dit nie moeilik om te sien waarom daar so baie verskillende variëteite van "Christelikheid" is nie. Jesus het egter gesê: "Ek [sal] my *gemeente* bou" – nie gemeentes nie (Mattheüs 16:18) – en die apostel Paulus dring by Christene aan dat "daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening" (1 Korinthiërs 1:10).

Deur die eeue heen het ons wêreld 'n wye verskeidenheid regerings, filosofieë en ekonomiese teorieë gesien opkom en val. Monargieë, tirannieë en diktatorskappe het na vore getree en verdwyn. Ongeveer 350 v.C. het die Griekse filosoof Plato waargeneem dat daar 'n

herhalende siklus in die strukture van nasies se regerings voorkom – monargie na outokrasie na demokrasie na anargie na diktatorskap – omdat die tekortkomings van die een lei tot die volgende, en nie een van hulle kon te lank onbetwis bestaan in die hande van mense nie (*The Lessons of History*, Durant, bl. 75). Demokrasieë en republieke het vinnig op die wêreld-verhoog verskyn en verdwyn. Filosofiese sisteme van stoïsisme, rasionalisme, humanisme en agnostisisme het hulle dag gehad en *gefaal* om blywende antwoorde te verskaf op die groot vrae van die lewe. Mensgemaakte teorieë van kommunisme, sosialisme en kapitalisme het *gefaal* om die goue tye te behaal wat hulle eens belowe het. Al hierdie sisteme het *gefaal* omdat mense nie verstaan het dat: "As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou" (Psalm 127:1). Tensy planne en idees gebou word op die soliede rots van God se woord, sal dit faal (Mattheüs 7:24-29).

**Donkerte voor dagbreek**

Bybelse profesie het lank gelede voorspel dat wêreldtoestande sal aanhou versleg tot en met die wederkoms van Jesus Christus (sien 2 Timotheus 3-4). Jesus openbaar dat menslike pogings en idees uiteindelik hierdie misleide wêreld sal bring tot op die *rand van algehele uitwissing*, en as "daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheüs 24:22). Die Skrif openbaar dat Jesus Christus sal terugkeer na die aarde as "Vredevors", om 'n wêreldregering vanuit Jerusalem te vestig wat vreugde, harmonie en voorspoed aan die hele wêreld sal bring (Jesaja 2:2-4; 9:5-8). Hy sal *een godsdiens* op die aarde vestig wat alle mense na die een ware God en Sy manier van lewe sal lei (Jesaja 30:20-21; Sagaria 14:16-20). Gedurende daardie tyd sal die een "wat die hele wêreld verlei" – Satan die Duiwel – van die aarde af verban wees (Openbaring 20:1-2), en ons sal die aanbreek van 'n nuwe era sien: Die Koninkryk van God!

***—Douglas S. Winnail***

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 17 – Pouslike Voorrang*

(Mattheüs 24:3-5). Die apostel Paulus waarsku dat leiers sal afwyk van die ware Kerk en vals en misleidende leerstellings sal gebruik om volgelinge te verkry (Handelinge 20:29-37). Paulus waarsku ook dat, baie mense "die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" aan die einde van die tydvak (2 Timotheus 3:1-8; 4:1-4). Paulus waarsku verder dat net voor die wederkoms van Jesus Christus, 'n magtige en invloedryke godsdienstige leier wonderwerke sal verrig wat baie mense sal mislei om *leuens te glo* – omdat hulle nie die waarheid sal liefhê nie (2 Thessalonicense 2:1-12). Hierdie vals godsdienstige leier sal kop in een mus wees met 'n magtige politieke leier wat beheer gaan verkry oor 'n herrese Romeinse Ryk wat in Europa gaan herrys (sien Openbaring 13; Openbaring 17; Daniël 2). Dit is nodig dat u besef dat die aansprake wat 'n eersdaagse godsdienstige leier, wat sy veronderstelde "apostoliese opvolging" gaan gebruik om sy voorrang te laat geld oor 'n universieële kerk, op niks meer gebaseer sal wees as *dogma* en *bedrog nie*. Wees versigtig! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

van die Verenigde State in staat is om die vier Evangelies op te noem, en een uit tien dink dat "*Joan of Arc*" Noag se vrou was. Geen wonder dat meningsopnemer, George Gallup, tot die gevolgtrekking gekom het dat die Verenigde State "'n nasie van Bybelongeletterdes" is nie (*Charlotte Observer*, 18 Maart 2007). Dit is *hoekom* mense dikwels verward is oor wat die Bybel leer aangaande aborsie, homoseksualiteit en ander sogenaamde omstrede onderwerpe.

Ek het vir baie jare op ons beeldsending 'n $1000 beloning aangebied aan *enigeen* wat aan my uit 'n gerespekteerde vertaling van die Bybel – **nie** 'n omskrywende of verklarende vertaling nie, maar 'n gesaghebbende vertaling – enige skriftuur kon wys wat sê dat dit die beloning van die verlostes is om "hemel toe te gaan". Vanselfsprekend het *geeneen* dit opgeëis nie. Daar is glad *nie so 'n vers* in die Bybel nie! Jesus Christus sê wel: "En *niemand* het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13). Hierdie stelling moet Abraham insluit – "die vader van die gelowiges", asook Dawid, "'n man na God se hart" – *al* die groot heiliges en dienaars van God in die Ou Testament.

Jesus sê egter wel: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" (Mattheüs 5:5). Jesus sê herhaaldelik, op verskillende maniere, in die boek Openbaring: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle **regeer** met 'n ysterstaf" (Openbaring 2:26-27). Vanselfsprekend is hierdie nasies **nie** in die hemel nie maar hier op die aarde. Weereens lees ons die "lied van die heiliges" in Openbaring 5:10 dat Christus, wat ons verlos het, "het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde* heers". Weer 'n keer was Johannes geïnspireer om aan ons te sê: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

Nee, Jesus Christus kom **nie** om ons weg te neem hemel toe nie! Inteendeel, Hy sal *na hierdie aarde* terugkeer om die probleme hier op aarde uit te stryk – met die hulp van die Gees-gebore heiliges wat weer opgewek en *'n werk* gegee gaan word om Christus by te staan om ware vrede en geluk na 'n baie verwarde wêreld te bring.

Dit alles sal plaasvind tydens die "sewende trompetgeskal" met Christus se wederkoms: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Dit is dus oor die koninkryke *van hierdie aarde* – **nie** bo in die hemel nie – waaroor Christus en die opgewekte heiliges gaan heers wanneer Hy binne 'n paar jaar terugkeer as Koning van konings.

Nogtans mislei en verwar belydende Christelike dienaars mense wanneer hulle die indruk skep dat al wat hulle [die mense] hoef te doen, is om "in Jesus te glo" – *watter* Jesus hulle ookal in gedagte mag hê – om dan "na die hemel te dryf" met **niks** om te doen nie! Dit berokken mense baie skade, deurdat dit hulle gedagtes aflei van die ware **doel** van ons Christelike roeping en die *doelwit* wat ons almal behoort te hê om onsself, die wêreld en Satan te oorwin – om *opreg voor te berei* om Christus by te staan om oor hierdie wêreld te regeer, hierdie wêreld wat nou so 'n groot behoefte het aan die regte soort regering, soos ek verduidelik in my artikel elders in hierdie uitgawe.

Gedurende hierdie tyd van die jaar volg baie mense 'n "Goeie Vrydag/Paas-Sondag" tradisie wat inderdaad 'n verskriklike *dwaalleer* is. Die basiese identifikasie "teken" van Sy eintlike Messiasskap wat Jesus Self gegee het, vind ons in Mattheüs 12:39-40: "'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die

profeet Jona. *Want, soos Jona* **drie dae** *en* **drie nagte** in die buik van die groot vis *was*, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees". Dit behoort vanselfsprekend te wees vir enige persoon wat vir homself kan dink, dat mens **nie** "drie dae en drie nagte" **kan** inpas tussen Vrydagmiddag en Sondagmôre nie! U kan meer hieroor lees elders in hierdie einste uitgawe in ons artikel "Die teken van Jona".

Mag God u almal wat hier lees help om die enormiteit van Satan se houvas oor hierdie verwarde wêreld te *verstaan*! Mag God u help om waarlik die Bybel te **bestudeer –** die geïnspireerde woord van u Skepper wat u lewe en asem gee! Die Bybel gee ons tog duidelik die opdrag: "**Lê** jou daarop **toe** om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny" (2 Timotheüs 2:15).

Ons moedig u almal aan om in te skryf vir die *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* en om dit werklik te *bestudeer*. Dit sal absolute *gratis*, op u versoek, aan u gestuur word. Leer om die artikels in ons tydskrifte en ons boekies *deeglik te lees* – maak seker dat die skrifgedeeltes wat ons aanhaal, in u eie Bybel is. Leer om werklik te ***bewys*** dat **dit** wat u glo, dieselfde is as wat die Bybel werklik sê.

Die apostel Petrus skryf: "Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 1:10-11). Namate u dit doen, met die ware Christus wat sal begin om *Sy lewe* binne u *te leef* deur die Heilige Gees, sal u 'n manier om die toekomstige Verdrukking te ontsnap en 'n posisie van eer en diens in daardie **ewigdurende Koninkryk** van Jesus Christus **–** wat op hande is **–** gegun word.




## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**